



Posbus/P.O.Box 10552, Strubenvale, 1570
17 Singelhurstweg/Road, Casseldale, Springs, 1559
Tel: +27 11 815 3000 | Faks/Fax: +27 11 362-5233
E-pos/E-Mail: info@lefra.co.za | Web: www.lefra.co.za

DIE GROTHELD IS GEREED OM THABAZIMBI TE VEROWER!

DEUR **FRANS SWART**

MET **COBUS VENTER**

EN GROTSEUNTJIES **DEACON SENEKAL, RUBEN LOMBARD, ERIC MARAIS EN JOOP MARAIS**

STEL **AMÈ BOSHOFF & HUGO HEWITT** | KLANK EN BELIGTING **GUSTAV VAN ROOYEN** | MEDIESE ADVISEUR: **DR. HENRY DAVEL**

REGISSEUR EN VERVAARDIGER **FRANS SWART**

DIE KUNSTEGROT, THABAZIMBI

VRYDAG, 24 JUNIE 2016 @ 19:00

BESPREKINGS: RITA VOLSCHENK BY 083 744-8559

Lefra Produksies doen dit weer! 'n Splinternuwe "grotproduksie" is oppad – *Groet die Grotheld* met Cobus Venter. Lefra Produksies hou steeds die rekord in die Suid-Afrikaanse teaterwese met *Groet die Grotman*, wat vir langer as 10 jaar gespeel het met meer as 1,000 opvoerings *Groet die Grotheld* gaan in die Grotman se voetspore volg, alhoewel *Groet die Grotheld* totaal 'n splinternuwe produksie is en beslis geen opvolg op die Grotman nie. Dis so eg Suid-Afrikaans soos biltong, boerewors en natuurlik die Blou Bulle! Hierdie splinternuwe en oorspronklike teks is deur Suid-Afrika se eie klugkoning, Frans Swart geskryf. Swart hanteer ook die regie. Die produksie het 'n ouerbegeleiding vir taal. *Groet die Grotheld* besoek die KunsteGrot in Thabazimbi op Vrydag, 24 Junie om 19:00. Besprekings kan gedoen word deur vir Rita Volschenk te skakel by 083 744-8559. *Groet die Grotheld* word aangebied met die vriendelike samewerking van Stuttaford van Lines, McCarthy Volkswagen Arcadia, RSG en Sounds Good.

Gert Struwig, gespeel deur die briljante Cobus Venter, is 'n rêrige-êrige Grotman. Hy is beslis nie 'n metroman nie. Naas die Bybel, is rugby sy grootste aanwyser. Hy beplan sy braais, sy gesin, sy partytjies en sy gesin se aktiwiteite rondom rugby. Sy lewe draai om rugby. Sy helde is rugbyspelers. Sy bestaan is rugby. 'n Eg tipiese Suid-Afrikaanse man! Skaterlag tye saam met die Grotheld en 'n komiese kykie na Suid-Afrikaanse rugby. Maar dan gebeur die lewe en Gert se bestaan word dramaties verander met sy eie vraag: "Is ek 'n Grotheld?"

Frans Swart, skrywer en regisseur van *Groet die Grotheld* sê dat die Grotheld nie 'n opvolg op Grotman is nie. "Beslis nie. Ons gebruik wel die hele oer-grotgewoontes wat vandag nog steeds in alle families en verhoudings relevant is as basis en die tema vir die produksie. Die lekkerte is dat ons 'n robuuste spel soos rugby gebruik as metafoor om die vraag te beantwoord: Is ek my seuntjie se held?" sê Swart. Gert Struwig is die Grotheld. Gert is ook 'n Bloubul en sy hele bestaan gaan om rugby - wat natuurlik lekkerlagtye tot gevolg het. Maar dan is daar ook 'n kinkel in die kabel! Wilna Esterhuysen wat Grotheld op die Oppiwater Kunstefees gesien het, sê: "Grotheld het my laat lag en Grotheld het my laat huil."

Oor die laaste dertien jaar trap Cobus Venter diep spore as sanger en akteur met hoofrolle in musiekblyspele soos *My Fair Lady*, *Fiddler On The Roof*, *Dis Hoe Dit Was*, *Ons Vir Jou*, *Shaka Zulu*, *Jock of the Bushveld*, *Tree Aan!*, *Ester Die Musical*, *Cinderella*, *Jesus Die Musiekblyspel* en *Droomkind*. In 2010 word hy twee keer genomineer vir 'n Mercury Durban Theatre toekenning – as Don Quixote in *Man of La Mancha* en as Freddy Einsford-Hill in *My Fair Lady* – wat hy wen vir sy vertolking van Freddy. Cobus maak ook sy merk op die dramaverhoog in produksies soos *Siener In Die Suburbs*

(KKNK 2002), *Swaelduif* (KKNK 2003) en *Full Circle* in 2006. As iemand wat daarvan hou om mense te laat lag wys hy ook sy slag in klugte: *Knypie Op Die Kant* en *Knypie 2: 'n Dubbeldosis*. Sy hoogtepunte as klassieke tenoor sluit in: die *Afrikaanse Oratorium*, *Die Skepping* en die rol van posmeester Smit in die nuwe Afrikaanse opera, *Poskantoor*, wat onlangs as beste produksie by Aardklop 2014 bekroon is. Hy het die rol van Tom Koekemoer vertolk in verlede jaar se *My Boetie se Boetie se Boetie se Baba* en is vanjaar te sien in die hoofrol in *Daa' Gaat die Bruid!* onder regie van Frans Swart.

Frans Swart, wat al gedoop is as Suid-Afrika se "klugkoning" het *Groet die Grotheld* geskryf. Frans was natuurlik instrumenteel in die sukses van *Groet die Grotman* terwyl hy egter ernstig is dat die Grotheld se verhaal hoegenaamd nie 'n opvolg is op Grotman nie. Frans het reeds diep spore getrap in die Afrikaanse teaterwese. Hy het die regie van verskeie suksesvolle klugte en toneelstukke hanteer soos *My Vrou se Man se Vrou*, *My Vrou se Man se Lyk se Tas*, *My Boetie se Sussie se Ou*, *My Boetie se Boetie se Boetie se Baba*, *Daa' Gaat die Bruid!* en *Liewe Heksie*. Swart is ook die organiseerder van die baie suksesvolle Oppiwater Kunstefees.

Groet die Grotheld gaan regoor die land opgevoer word. Van die meeste feeste het reeds *Groet die Grotheld* gekeur om by hulle te speel, maar enige kerk, skool of diensorganisasie is welkom om die Grotheld te bespreek by Lefra Produksies. Skakel (011) 815 3000 of epos aan info@lefra.com. Meer inligting by www.lefra.com

UITGEREIK DEUR:



ONDERHOUDE | *MEDIANAVRAE* | *Charl Senekal* by 061 616-6138 of charl@lefra.com